



## 1ste kwartaal 2014

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-beloofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

### Geloofsoffer-beloofte – Wat is dit?

- † Ekstra fondse vir wêreldewangelisasie, sonder om gemeente se *dankoffers* te beïnvloed;
- † 'n Ekstra offer bo en behalwe jou gewone dankoffer;
- † Geloofsoffer-beloofte is geld wat lidmate, biddend en in afhanklikheid van God en in vertroue op Hom alleen, vooraf belowe vir wêreldsending;
- † Persoonlike verbintenis aan God alleen;
- † Geloofsvertroue en Geloofsgehoorsaamheid aan God. Dit help gelowiges om met rasse skrede te groei in hul geloof en vertroue op God.

3 Joh:6 “... help hulle asseblief vir hulle verdere reis op 'n wyse soos God dit verwag, want hulle is op reis om Christus te verkondig, en hulle ontvang niks van die heidene nie.”

3 Joh:8 “Dit is dus óns plig om sulke mense te onderhou, sodat ons daardeur ons deel kan bydra tot die verspreiding van die waarheid.”

### Hoe word dit bestuur?

- † Dis 'n saak net tussen jou en die Here
- † Niemand gaan jou ooit persoonlik daarna kom vra nie
- † Jy onderneem om dit self by die kerk in te betaal (gebruik Geloofsofferkoevertjies asseblief – dis by kerkdeure beskikbaar)

### Hoe die Here sulke Geloofsofferbeloftes kan voorsien?

- 'n Onverwagse geskenk.
- 'n Toename in inkomste.
- Beter rentmeesterskap.

Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

Kambodja nuus: November 2013

**Veritas**

Ons het gedink dat ons 'n donateur gehad het vir die jaar maar dit het deur die mat geval. Ons glo egter dat God sal voorsien vir dit wat Hy ons voor geroep het. Hy het die afgelope 7jaar vir ons gesorg. Ons begin met 2 nuwe groepe die maand.

**Vanna** se vrou Srey Leap is nou sewe maande swanger, na 2 vorige miskrame. Ons is almla opgewonde en hulle is baie opgewonde oor hulle dogtertjie wat in Januarie gebore sal word. Pastor **Soarth** pas goed aan - ons is net besig om hom te leer om minder te praat en meer te fasiliteer - hy het nog 2 maande proeftydperk voordat hy geevalueer sal word om aangestel te word as personeel (medewerker). **Saran** is gesonder maar ek twyfel of hy weer voltyds sal werk - hy verras my soms met sy initiatief en verantwoordelikheid wat hy neem. Hy sien ook nou 'n mentor, 'n Khmer jong man wat voorheen by EFC gewerk het en homself opgewerk het tot leier van 'n organsisasie.

*Loof en Bid asb saam:*

- Vanna en Sreyl Leap
- Soos die Here jou lei.

*Sok bly amazing*

Sy geloof is so kinderlik eg: Hy bid vir sy varke veral as hulle siek is en hulle word gesond! Almal in die area kan nie verstaan hoekom sy varke so goed lyk nie – hy getuig dan dat Christus soveel omgee dat Hy selfs sy varke gesond en vet maak.

**Bamboo Shoot bediening**

Angdong Ta-Éen: Ek is dankbaar dat ek met die plaaslike NGO Rescue kon kontak maak en dat hulle nou 10oumas ondersteun. Hulle ondersteuning is baie beter as wat ons ooit voorheen gedoen het; hulle kry nou nie net rys nie maar ook soya sous, noodles, sout, medies etc. Die fondse tot my beskikking (\$22/mnd per ouma) om nog oumas te ondersteun kan nie soveel gee as wat Rescue vir die ander oumas

gee nie. Hulle gaan ook die kind (ek kan nie nou sy naam onthou nie) wat balonne verkoop om sy skoolgeld te betaal help. Dié handevat maak my opgewonde omdat ek voel dit is 'n langtermein opsie.

Sok - kinder voeding skema: Dit gaan ook goed met die kinderbediening in Sok se village en ek is dankbaar vir al die donateure wat die kinders daar ondersteun. Sok sal sodra die skole weer begin na die skole gaan en gaan navraag doen oor die kinders se vordering.

Daughters: Ek het na my 3maande by hulle verby was besluit om nie weer my kontrak te hernu nie omdat 1) Ek meer aandag wil gee aan die akkreditasie eenhede wat gemerk moet word 2)my gesondheid nog sukkel - die gastritis wil net nie opklaar nie en ek word gou moeg en 3) ek wil regtig kyk om by 'n plek deelyds betrokke te wees waar my visa hernuwing verseker is.

*Loof en bid saam:*

- God se voorsiening
- Bamboo Shoot bediening
- Die TukTuk bestuurder wat nou maandeliks deel van ons bediening sal wees om die kos by die huise te gaan aflewer.

## **Persoonlik**

Ek is dankbaar dat ek weer 'n w/s maat het - Ha-Na is Koreaans maar kom vanaf UK. Haar ouers het geimigreer toe sy so 3jr oud was. Dit lyk of 'n tyd van fun voorle; sy is baie sosiaal en hou daarvan om te kook. Ons dink daaraan om 'n 'come and dine with me' saam met vriende te begin maar met 'n Internasionale geur - almal vanaf verskillende lande moet hulle lande se resepte gebruik :-). Dit lyk regtig of ons lekker gaan saambly en ek is ook dankbaar dat ek ekstra geld het vir die Bamboo Shoot Bediening en vir skenkings aan VNC.

Ek sukkel nog steeds met gastritis en moet ongelooflik versigtig wees met wat ek eet, baie dinge maak my naar as ek dit net ruik of in my mond sit. Ek kan ook nie sonder medikasie nie. Die stress van die afgelope maande was ook nie 'helpfull' nie. Die Heer het my al soveel maal genees nadat ek voor Hom gekniel - maar die keer wil my maag net nie gesond word nie.

## Kambodja nuus: Desember 2013

Liewe vriende die brief is somer net om die jaar af te sluit en persoonlike nuus vir die mense wat dit aanvra.

Ons het vroeë kersete gehad die jaar - die manne se vroue het gekom en ons het 3 vriendinne uitgenooi om saam met ons te kom eet. Eerste jaar waar die vroue ook by was - ek het vir Saran gesê ons moet dit 'n gereelde 3 tot 6 maandelikse instelling maak. Dit is somer net 'n fees om almal saam te kom en te gesels.

Korigering - Ek wil julle nie onder verkeerde indruk bring re skenkings aan VNC nie; ek het nog nooit gereeld gegee nie en het as ek reg onthou slegs so + 2 keer die afgelope ruk gegee uit geld wat ek persoonlik vir die Bamboo Shoot projek skenk. My hart is om meer te gee om verskeie redes - kom glad nie vanaf VCI maar is persoonlike oorwegings. Moet asb nooit dink dat dit baie is nie, ons is in die 'rooi' en het definitief meer nodig.

### **Persoonlik**

Ek wil terugkom na jou oor die vorige brief wat ek uitgestuur het - die genade storie en (al lyk dit nie so nie) my diepe begeerte om rekonsiliasie. Terwyl ek meer en meer tyd by God sit het dié besef my menswees gevul; ek het so hard probeer om verstaan te word dat ek genade weg gegooi het. Realiteit is dat almal betrokke seergekry het, almal betrokke het elk hulle eie onvolmaakte verwysingsraamwerke, almal betrokke het veroorsaak dat God se koningryk skade aangedoen word ... ons almal. Ek kon die situasie nie laat gaan nie, nou verstaan ek waarom - ek moes eers gekonfronteer word met die onvolmaakte binne my. Vergiffenis het ek al gevra by die betrokkenis, nou is dit die pad van deurwerk, selfvergiffenis, heelwording en ontvang van wysheid uit Sy hande.

'My clay jar was exposed as it really was - fragile, brittle, and vulnerable' (line from Ulan-Taylor)

It nearly crumbled to pieces by the knocks of my weaknesses

O Lord I would have not choose me

But through Your astonishing mysterious ways

## You declare this charred clay jar good enough

Die afgelope paar jaar se uitdagings van sendeling wees het amper my 'clay jar' in stukkie gebreek. Tog het God in Sy genade Sy hande om my gevou terwyl die 'brittleness' 'n groter werklikheid geraak het. Hy het my deur die woorde van vriende laat beseef dat ek moet stop, moet stil word, moet rus omdat my waarde meer is as dit wat ek doen. Dus is ek huidig op 'n soort van 'sabbatical' om weer in Sy hande sterk te kan word. Ek was bang dat my donateure sou ophou as ek sommer 'ophou' vir 'n paar maande, maar die beseef dat ek moes stil word en rus na 17 jaar op die veld was sterker. Die boekie van Flor Ulan-Taylor ( When God tells you to rest - burnout survivor) help my om gevoelens en patrone in my lewe die afgelope jare beter te verstaan, te aanvaar en myself nie te veroordeel nie.

Die uitdagings op die veld is baie - wat vir my die moeilikste die afgelope jare was was die swaarkry en honger in Angdong TaÉen. Ek het op 'n punt gekom waar ek wil skreeu as net nog iemand geld vra; vir kos, vir medies, vir 'n siek kind... Ook word ek gekonfronteer deur die realiteit en bekommernisse in SA; ek sukkel al jare dat ons na my belasting moet kyk veral omdat daar baie geld vir die Bamboo Shoot projek deur my rekenings gaan, dat ek ouer word en eendag die sendingveld sal verlaat; 'n ds het vir my gese dat ek moet onthou dat as ek eendag terugkeer na SA ek geen ondersteuning meer sal kry nie .. ek weet dit en verwag dit ook nie... tog is dit soms soort van 'n skok om dit te hoor. Ek het nie beseef hoe diep die 'aftree' storie my pla tot God deur Sy genade in iemand se hart gewerk het met 'n blyplek aanbod as ek sou terugkeer; toe die persoon my bel terwyl ek in SA was het ek uitgebars in trane oor die wonder van God se liefde en genade en die wonder van 'n persoon wat in vandag se tyd so iets vir iemand wat feitlik onbekend is wil doen. Daarom .....

Een realiteit staan onwankelbaar vas  
Volmaak en onveranderd  
Sy liefde vir jou en my  
Die lewe is in Christus en is Christus

Bid asb vir my: Dat ek God se stem duidelik sal hoor tov my bediening - ek ervaar nie dat my tyd in Kambodja oor is nie maar dat daar aanpassing gemaak moet word. Vir hernuwing en regte rus in Hom. Gesondheid - sukkel bietjie was die afgelope week plat met 'n erge maag ding... wag nog vir bloeduitslae... Dr bekomerd omdat ek vanaf Kambodja gekom het- ek dink nie dit is so ernstig nie. Vir 'fun' ook - het 'n 3-weke oefen-bootcamp persent gekry :-)

*E-pos vanaf Alta 4 Januarie 2014*

### **Turmoil in Cambodia .....**

#### **Please pray for our country and her people**

- Please pray for young people not to act on impulse - some young people look at the political problems as the Asian Spring (link it to the Arab Spring)
- For the police not to react on provocation or to cause it, not to use any force if it can be prevented, calmness in a tense situation where it is difficult to know who the general public and the protesters are etc
- Wisdom for the ruling political party - how to handle the situation
- For the 2 opposition parties to come to a compromise for the sake of the country and not to be the creators of more turmoil
- For NGO's to keep calm
- For the safety and wisdom of the many foreign Christian workers in Cambodia as the turmoil is starting to spread to the rest of the country - not only Phnom Penh anymore
- **For Christians and churches to be witnesses for Christ within the turmoil.**

**The last few days have been some of the most dramatic in Cambodia's recent history.**

Not since 1998 has the country seen such violence. Wide-spread and large-scale protests combined with strong anti-government sentiments created a powder keg environment, and the police crackdown on garment factory workers, and others protesting on their behalf, was the spark that set it all off.

Council of Ministers spokesman Phay Siphon defended soldiers' role in detaining the monks and union leaders, comparing their role to that of the National Guard in the US. "They have a job to protect the nation," he said. "This is not a demonstration ... this is a rebellion." Asked whether monks involved could be said to be a threat to national security, Siphon claimed they were "fake monks" who had destroyed public and private property.

"They are abusing the law. If you have the uniform, you need to own the ethics ... the monk should be in the pagoda."

I will be back in Cambodia on 21 Jan 2014, DV

Need to enter another turmoilish country before my return as I need to pick up my new passport at the SA embassy in Bangkok

Thank you for interceding for our country

*Kambodja nuus: Januarie 2014*

Liewe Vriende

Die nuwe jaar het begin met al haar mooi beloftes - ek is gevul met hoop dat oorwinning en 'n lewe in Christus haar nalatenskap sal wees. Mag die jaar vir jou 'n lied sing wat gevul is met vrede en God's seën.

**VERITAS KAMBODJA.**

***Riem onder die hart***

Dit was vir my 'n riem onder die hart toe ek die onderstaande e-pos vanaf 'n uitlander waar Saran opleiding doen ontvang - die uitlander het uitgebrand, hy en sy vrou het besluit om hulle werk in Kambodja oor te gee en na hulle land terug te keer. "I believe that your ministry through Saran is excellent. His maturity and knowledge of God's Word gives me hope for Cambodia. There is so much horrible Bible teaching out there and I greatly appreciate you guys!!! Please continue to encourage Saran concerning our ministry"

Ek het vir hom dankie gese en genoem dat dit vir my baie bemoedigend is omdat ek soms voel ons maak nie regtig 'n verskil nie (daar is soveel leierskap opleidings kursusse in Kambodja en daar is mense wat voel Veritas is 'n westerse metode om na die Bybel te kyk.. Sy antwoord aan my "..my only experience with Veritas is through Saran's teachings but I have been VERY impressed with the quality teaching that is provided. There are too many wacky people teaching non-sense. Your ministry is EXCELLENT and very much needed!"

Ek glo in Saran en die talente wat hy het as leier nie net as fasiliteerder - daarom is dit goed om sulke terugvoer te ontvang.

### **BID ASB SAAM:**

#### **Saran**

- \* Dat hy sal groei in sy leierskap funksie
- \* Dat sy rys verkoop besigheidjie wat hy begin het voorspoedig sal wees

#### **Vanna**

- \* Dat die geboorte van sy en Srey Leap se dogtertjie goed sal verloop
- \* Vanna se ma het vir hom 'n TukTuk gekoop bid ook asb dat hy baie kliente sal kry
- \* Hy beplan om deelyds te werk nadat sy babetjie gebore is en nie so baie dae van die huis af in die provinsies te wees nie

### ***BAMBOO SHOOT***

Ek het net voor ek vanaf Kambodja vertrek het die geld wat ek nog in die Bamboo Shoot rekening gehad het tussen Sok, Nary en Vanna gedeel sodat hulle 'n Kersfees uitreik kon beplan. Wel Nary het toe van die geld gebruik om vir die oumensies wat koud gekry het warm baadjies te koop. Ek het dit goed gedink om vir julle die historiese weers verslag op te soek en dit is wat ek gekry het: 'The coldest month of 2013 was December 2013 with an average daily low temperature of 23°C - wel hulle fisiese omstandighede is nie so goed nie so ek verstaan dat hulle koud gekry het.

Ek sal volgende maand meer skryf oor hulle drie se kersfees uitreik geleentheid



Loof die Here saam met my oor die seën wat die Bamboo Shoot bediening vir die mense in Kambodja bring

### **PERSOONLIK**

In Matt (11:29) sê Jesus dat as ons moeg en belas is ons na Hom toe moet kom. Ek weet nie van jou nie maar onder die druk van lewens uitdagings, alles wat gedoen moet word en die 'needs' om my faal ek om altyd maar altyd heel eerste na God te draai of om Sy stem te hoor - veral wanneer emosionele moegheid my omvou. Daarom was dit nodig vir my om op die sabbatical te gaan en my prioriteite reg te kry. Ek kon die bedienings agterlaat en net wees, niks en niemand wat eise stel nie. Ek glo 'n gereelde wegbreuk is iets wat ons almal moet beplan ons moet dit deel van ons lewenstyl maak.

Ek kan net amen sê op Max Lucado se woorde “You’ve been there. You’ve turned your back on the noise and sought His voice. You’ve stepped away from the masses and followed the Master as He led you up the winding path to the summit. The roar of the marketplace is down there, the perspective of the peak is up here. He gently reminds you, “You’ll go nowhere tomorrow that I haven’t already been.” “The victory is already yours.” “My delight is one decision away—seize it!” Ah, the words on the sacred summit. A place of permanence in a world of transition.”

Ek glo dat die Here duidelik vir my gewys het dat my roeping nog steeds Kambodja is. Ek glo dat Hy ook duidelike antwoorde gegee het oor die pad wat my bediening moet loop, o.a ook deur 'n ervaring waar my trane na lig verander het. Daar is veranderinge wat in my lewenstyl en bediening aanbring moet word ter wille daarvan om binne Sy wil te leef - dit sal help dat ek Sy 'blueprint' vir my lewe sal loop wat uitbranding en fisiese probleme sal voorkom. Baie gebed is nog nodig - biid asb saam met my dat ek God se stem duidelik sal hoor, dat ek In Sy genade objektief na dinge sal kan kyk.

Nuusbrief Januarie 2014

*Liewe vriende,*

*Aan d begin v hierdie jaar, dank ek die Here, soos Paulus van destyds, vir julle en vir die werk wat Hy in julle en deur julle gedoen het en doen. Ek dank die Here dat ons paaie jare gelede al gekruis het en dat ons 'n pad kan saamstap vir Sy koninkryk. Ek dank die Here vir sy liefde en sy genade vir julle in die begin van hierdie nuwe jaar. Ek bid dat Hy vir julle krag sal vernuwe deur sy groot genade om aanhou te werk in sy koninkryk ten spyte van groot opofferings en terugslae, maar on sweet dat ons is meer as oorwinnaars deur Hom wat ons krag gee en ons liefhet. (Vgl Ef 3:14)*

Bid asseblief vir Jessie (haar man is 'n moslem) en Marie-Christine (kom uit 'n moslemgesin) wat 6 maande gelede kontak met ons gemeente gemaak het en wat teenkanting v hulle familie kry.

Bid ook vir Corinne (getroud en het 2 jong dogtertjies) en Marjorie (woon saam en het een dogtertjie) wat +- dieselfde tyd by d gemeente opgedaag het en wat stadig aan die geloof ontdek. Marjorie se opset is ietwat kompleks.

Baie van ons bejaarde mense (pilare vd gemeente) ondergaan verskeie gesondheidsprobleme. Bid asb vir hulle.

Ons Kersefe 15 Des het goed afgeloop en die 21 Des het ons, vlgs tradisie, by die ouetehuis gaan sing. Baie nice gewees.

Gedurende Januarie het ons die Gebedsweek (wat ooreenstem met d Pinksterbidure in d suidelike halfrond – weird ...) saam met d verskillende Protestantse en Evangeliese Kerke. Daarna het ons (18-25 Jan) ekumeniese gebedsweek en ons het 'n diens 'n Sondagmiddag saam met plaaslike Katolieke Kerk.

Ons beplan om later in Meimaand 'n uitstalling in die stad rondom die tema van klei te hou – in verhouding met dieselfde tema in die Bybel.

Binnkort gaan ek ook die Veritasopleiding in die gemeente begin. Die nuwe hersiene Franse uitgawe sal binnkort beskikbaar wees.

Agv d humiditeit in ons badkamer, het d handymen vd gemeente 'n venster in d muur ingesit. Met dié ontdek hulle dat d gedeelte rondom d stort agter d teëls ietwat vrot is en dat omtrent al d mure vd badkamer met pleisterbord en polistireen oorgedoen moet word en oorgeteel moet word.

Ons kon ons finansiële jaar met 'n positiewe saldo afsluit. Prys d Here.

Ons almal was of is d afgelope twee weke maar verkouerig. Lucie het al d afgelope 10 dae 'n koors wat kom en gaan. Sophie is nogsteeds baie moeg en het nogsteeds 'n yster tekort.

Verder het ek weer met driekamp begin en ek skakel by d plaaslike klub in. Nice groepie mense. Dié “weer” begin kos net 'n bietjie veel – selfs ordentlike drafskoene se pryse het met +-R400 gestyg sedertdien ek laas skoene gekoop het – praat nie eens vd fietse nie.

## **Freddie Swart skryf oor GURUE Radiobediening - MOSAMBIEK**

### **Nuusbrief 31 - 1 Desember 2013**

Hoe verwoord mens 'n spesiale “sending”-week se ervarings in 'n enkele bladsy terwyl ons kan getuig van die volgende:

- ☞ Veilige reise na Gurue en terug;
- ☞ Goddelike guns by grensposte en alle mense met wie ons in aanraking gekom het;
- ☞ Liefdevolle ontvangs en oorslaapgeriewe by Frank en Mariaan Theron (soontoe en terug) naby Chimoio in Mosambiek;
- ☞ “Toevallige” gesprek oor opleiding en ander met Pastoor Avelino Mutilima van Transwêreld Radio (TWR) in Mocuba (200km suid van Gurue waar TWR 'n radiostasie het) oppad na Gurue;

- ⌘ Oorslaap op blokkiesvloer in die leë huis in Gurue waar die Welmans en Allen-hulle vroëer gebly het;
- ⌘ Vergaderings met die programopstellers en Calani-gemeenteleiers waarvan laasgenoemde eienaarskap van die huis verkry het;
- ⌘ Ondersoek van die bruikbaarheid van die radio- en sonkragtoerusting;
- ⌘ Gesprek met Koos (Lister) Botha (agent vir “New Holland” trekkers in Chimoio) tydens ‘n onverwagte besoek aan die huis in Gurue; en
- ⌘ Gesprek met Dr Roelf Petersen die Sondag van ons aankoms in SA tydens ‘n ontbytssessie.

Al bogenoemde het plaasgevind en met positiewe resultate as gevolg van u gebede. Daarvan kan elkeen van ons “driemanskap” (Anthonie, Charles & Freddie) getuig. Nie een keer was ons in gevaar nie, die voertuig het geen “probleme” gegee nie en in al ons gesprekke het ons die guns van mense geniet. Slegs God kon dit moontlik maak en ons gee aan Hom die eer daarvoor – ook in die wyse waarop Hy ons gelei het in die besluitnemingsproses.

Oppad na Gurue het ons by Mocuba op die ingewing van die oomblik besluit om TWR se kantore op te soek en navraag te doen oor opleiding aan die programopstellers. So het ons by Pastoor Avelino uitgekóm wat voorgestel het dat hy Gurue besoek om eerstehands vas te stel wat die behoefte is. Sodanige reelings sal binnekort gemaak word.

Die vergadering met die programopstellers was baie positief gewees in die lig van hul persoonlike getuïenisse en toegewydheid aan die bediening. Pastoor Vuruca wat as sekretaris dien het verslag gedoen van hul aktiwiteite die afgelope jaar en het getuig van die positiewe effek wat die bediening op die gemeenskap in die breë het. Briewe wat getuig van dankbaarheid en getuïenisse van luisteraars word steeds ontvang. Sommige luisteraars kom selfs na die opname ateljee om persoonlik navraag te doen ten opsigte van vrae wat kwel. Die programopstellers loop ook ‘n pastorale kursus van drie jaar in hul persoonlike hoedanigheid onder leiding van Infortem. Elke 3 – 4 maande word vergader met die Omwiwa Yesu Bestuurskomitee waar gepraat word oor die programme, advies rakende sekere probleme, gesorg word dat een kerk nie bo die ander bevoordeel word nie, ens. Tydens hul gesprekke met die plaaslike owerheid is

daar deur laasgenoemde erken dat kriminaliteit afgeneem het sedert die uitsendings begin is.

In kontras met vorige vergaderings, het hulle nie gepraat oor finansies nie. Wel oor ongelowige luisteraars en sogenaamde Christene wat negatief praat oor hul uitsendings. Die bestuurstelsel van Omwiwa Yesu funksioneer goed deur kommissies wat alle probleme hanteer. Dirk van der Scyff se kort verblyf het egter groot verleentheid veroorsaak met die plaaslike owerheid waar allerhande beloftes gemaak is wat nie gestand gedoen is nie. Die Bybelse beginsel van “waarheid praat” en “waarheid doen” het baie skade gely.

Van die toerusting het die volgende probleme gegee:

- ⌘ AA batterye vir die veldopneemtoestelle hou nie lank nie;
- ⌘ Al 4 rekenaars werk behalwe een kan nie “opneem” deur die mikrofoon nie;
- ⌘ Sonkrag buite werking sedert die vorige Vrydag;
- ⌘ Anti-virus program nodig om materiaal van ander bronne ontvang, “skoon” te maak; en
- ⌘ Motorfiets se elektriese aansitter buite werking – die trap metode werk egter goed.

Die res van die toerusting is steeds in ‘n baie goeie werkende toestand ten spyte van negatiewe verslae wat ons deur die jaar ontvang het. Ons gebrekkige kennis van sonkrag het die Here ook nie verhinder om ons in staat te stel om die probleme te identifiseer en te herstel nie. Alles werk nou reg met slegs 4 batterye wat krag moet verskaf tydens dae wat dit bewolk is.

Freddie se grootste frustrasie met gebrekkige inligting vanaf die bediening is ook aangespreek en is ‘n vaste kommunikasie stelsel met pastoor Vuruca daargestel om dit te verlig. Die finansiële besteding in Gurue onder die waaksame oë van die tesourier en sekretaris is gedissiplineerd en slegs noodsaaklike uitgawes word aangegaan waar nodig.

Die vergadering met die Calani-gemeente afvaardiging ten opsigte van die huis het die volgende antwoorde verskaf:

- ⌘ Huur word gevra totdat die kerkgebou in Calani voltooi is – sowat R5,000 word benodig – waarna die huishuur gratis sal wees vir ‘n sendeling onder die IRM;
- ⌘ Die sendeling hoef nie ‘n predikant te wees of onder die IRM te resorteer nie, in watter geval die huur dan sodanig aangepas sal word.

Die verdere doel van die besoek was om Charles van Wyk blootstelling te gee aan die omgewing en die kultuur om hom te help in sy besluitnemingsproses en gesprekke met die Here ten opsigte van sy teenwoordigheid daar. Die verlenging van die lugtyd vir die volgende ses maande vind op 13 Desember plaas. Om hom nie onder enige druk te plaas nie is besluit om voort te gaan met die bediening vir die volgende ses maande sodat hy en sy vrou rustig na die stem van die Here kan luister. Die positiwiteit wat ons met die vergaderings beleef het, het ook hierin ‘n groot rol gespeel. Dr Roelf het namens UCB-Africa hul voortgesette ondersteuning bevestig veral ten opsigte van lugtydaankope en opleiding. Dit bly steeds vir ons belangrik dat ‘n sendeling wat Afrikaans en Engels kan praat en skryf die bediening sal bestuur soos aangevra deur die Bestuurskomitee.

Julle gebede word dus gevra vir:

- ⌘ Dank aan God in die eerste plek vir ‘n veilige en vrugbare besoek aan Gurue en leiding in die besluitnemingsproses;
- ⌘ Charles en sy vrou om God se stem helder en duidelik te hoor; en
- ⌘ God se seën op ons medewerkers in Gurue en die bediening as geheel.

Julle voortgesette ondersteuning in gehoorsaamheid aan die Here bly ‘n voorvereiste vir die volhoubaarheid van die bediening. Mag hierdie skrywe elkeen opnuut motiveer om hierdie bediening as ‘n prioriteit te handhaaf. Baie dankie vir elkeen se getrouheid in die afgelope jaar in die besonder.

### **E-pos - 3 Desember 2013 van Blackie Swart**

Ek is jammer om die nuus deur te gee dat bykans alles in die opname ateljee gesteel is gisternag. Alexander, een van die programopstellers, het vir Anthonie telefonies laat weet vanoggend. Blykbaar is die nagwag ge-“toor” sodat hy niks kon doen nie. Ons wag nog vir verdere terugvoering vanaf die sekretaris, Pastoor Vuruca, maar het voorlopig besluit om die aankope van lugtyd vireers te staak aangesien geen opnames

gemaak kan word nie. Ons verstaan nie waarom die Here dit toegelaat het nie veral nie na al die positiewe insette wat ons in Mosambiek ontvang het nie. Bid asb saam met ons hieroor. Soos wat ons meer duidelikheid verkry sal ons die nuus deurgee.

### **E-pos - 17 Desember 2013 van Anthonie Welman**

Ek en Blackie Swart het deur Woord en Gees by die Here bevestiging gekry dat die radiobediening in Gurue moet voortgaan. Dit is tog deel van God se plan om die evangelie aan alle mense te bring. Soos Paulus sal ons nie ontmoedig word deur struikelblokke van die bose en die wêreld nie.

Ons planne op die oomblik loop as volg :

- ☞ ons is besig om 'n meer volledige inventaris op te stel van dit wat gesteel is en vervang moet word. Kommunikasie is nie eenvoudig en vinnig nie! (Dankie aan diegene wat reeds saamwerk aan die vervanging van gesteelde toerusting.)
- ☞ ons gaan tot einde Februarie nie verder programme uitsaai nie, aangesien daar nie rekenaars bestaan om dit op te neem nie!
- ☞ dit gee ons kans om al die toerusting wat gesteel is te vervang en op 'n manier in Mosambiek te kry.

Ons vra dus van jou as ondersteuner die volgende :

- ☞ Bid dat die programmeerders in Gurue nie ontmoedig sal word nie.
- ☞ Bid vir die vervanging en vervoer van toerusting na Gurue.
- ☞ Bid dat ons wysheid sal kry hoe om die nuwe toerusting beter te beskerm - bid vir God se beskerming.
- ☞ Bid vir meer ondersteuners aangesien ons nog soveel meer kan doen!
- ☞ Bid vir die leiding van die Here in al hierdie dinge.
- ☞ Bid ook vir Charles en Leonie wat oorweeg om in Gurue te gaan werk.

Mag elkeen die seën van die Here God in hierdie tyd beleef.

## Verslag oor die aktiwiteite van die “Laudium Outreach Group” - Januarie 2014

### 1. Persoonlike huisbesoeke

Ons het die ou jaar afgesluit, en die nuwe jaar begroet saam met 'n groep van 45 studente van Operation Mobilization wat in beide die 'Whiteblocks' area, sowel as in die 'Himalya' woonstelle mense in hulle tuistes besoek het, en wonderlike geleenthede gehad het om die Evangelie met die inwoners te deel. Hulle het ook getuig dat dit vir hulle 'n seën was om Jesus met mense van ander gelowe te deel.

Die lede van die Laudium Outreach Group is ook nog aktief betrokke in hierdie bediening, en ons dank die Here vir elkeen se toewyding tot die taak. Bid asseblief dat die Here meer mense sal roep om in hierdie deel van die 'wingerd' diens te doen. Die taak is somer baie groter as wat ons met die huidige vrywilligers-korps kan hanteer.

Vir my was die hoogtepunte van 2013 seker die besondere manier waarop die Here vir Serisha vrygemaak het van die bande van die duiwel wat haar vir soveel jare intens geteister het. Ook die bekering van Suren, wat bereid was om die Hindoe afgode, sy sondes van die verlede, en selfs ook sy Hindoe lede van sy familie op die altaar te lê, met die oog daarop om vir Jesus te volg. Dan is daar ook Pam se wegbreek van die afgode wat sy in die verlede aanbid het. Dis so fantasties om te sien hoe hierdie mense nou die Here met oorgawe dien. Bid asseblief vir hulle. Dan is daar ook nog tannie Shushila – so 'n paar weke nadat sy vir Jesus aangeneem het, is sy oorlede aan 'n hart aandoening - “she entered just in time!” En so kan ons aangaan. Die Here het wondere gedoen en ons dank Hom daarvoor.

Sankar Moodley, een van die LOG Medewerkers het, saam met andere, op Vrydag-aande, 'n kerk-diens vir dwelm-verslaafdes in 'Whiteblocks' begin – Whiteblocks word ook “drug alley” genoem. Sommige Vrydae word die Evangelie deur middel van prediking te deel, en soms word Christen-films vertoon. Van die ongeveer 45 mense wat op 'n gereelde basis die dienste bywoon, is daar nou reeds 17 jongmense wat vir Jesus aangeneem het en vryekom het van die mag van verdowingsmiddels. Sewe van hulle is aan die einde van verlede jaar gedoop - wat 'n fees!

Vir Johan Cronje, wat verantwoordelik is vir die filmvertonings, is die geleentheid wat hy gehad het om die films te vertoon tydens hierdie byeenkomste, 'n besondere hoogtepunt. Die intense begeerte by hierdie mense om meer van Jesus te hore te kom, is werklik 'n bemoediging. Johan hanteer ook die Bybel-projek vir ons en was self verbaas om te sien dat ons nou reeds 269 Bybels versprei het vandat ons met die projek begin het.



Vir Alan Wainwright, wat ook die leier is van die SIM Aksie, was die hoogtepunt vir die jaar, toe hy genader is om weekliks 'n program op Radio 15.84 aan te bied. Hierdie radio stasie bereik hoofsaaklik die mense in Laudium en is onder Moslem beheer. Hy het ook 'n oop gesprek kon voer met 'n jongman van die "Dawah Movement" – dit is die "Islamic Propagation Centre" – en die jongman se intense belangstelling en die relevante vrae wat hy gevra het, het aan Alan die geleentheid gegee om die Evangelie aan hom te verduidelik.

Vir Gerhard Hoffmann is die openheid en ontvanklikheid van Ishmail en sy gesin, asook Dawood en sy gesin, om meer omtrent die Evangelie van Jesus te hoor, besondere hoogtepunte. Hulle is nog steeds Moslems, maar ons vertrou dat die Here ook binnekort in hulle lewens die wonderwerk van verlossing sal bewerk.

Ons dank die Here ook vir die aktiewe betrokkenheid van Ds Victor Pillay van die Charisma gemeente in Laudium. Sy ondersteuning en deelname aan die Aksie is vir ons goud werd, en baie mense se lewens word geestelik verryk deur sy bediening.

Christine Vroon is die persoon wat verantwoordelik is vir die gebeds-versoeke wat weekliks uitgestuur word aan ons voorbidders. Ons dank aan haar vir haar toegewyde aandag aan die saak.

Sada Moonsamy en Christine het ook 'n Bybelstudie-groep begin in die Whiteblocks area, en die Here se seën word ook hierin ervaar.

Dan is daar ook Ian Willemsse en Andre Rall, wat al vir baie jare, gereeld die Evangelie van Jesus met die mense van Laudium deel, en Lydia Gittens, Johan Hurter, Willie Beckman en andere wat ook onlangs by die Groep aangesluit het.

## **2. Koinonia**

Aan die einde van 2013 het ons weer ons jaarlikse afsluitings-geleentheid gehad, waar almal wat betrokke is by die aktiwiteite van LOG, bymekaargekom het vir 'n lekker kuier-aand – sommer net saam eet en sosiaal verkeer. Dit was werklik aangenaam om ook tyd met mekaar te kon spandeer!

## **3. Die DVD Biblioteek en Bybelverspreiding**

Daar is steeds 'n lewendige belangstelling in die sowat 60 DVD's wat ons in die biblioteek aanhou, en Shenel en Premisha hou streng beheer, sodat die DVD's nie dalk elders 'n permanente blyplek vind nie. Slegs DVD's met 'n sterk Evangeliese boodskap word gebruik, om die Evangelie tot binne-in die huise van mense in te neem. Sowat 20 nuwe DVD's is gedurende die laaste jaar aangekoop om die verskeidenheid in die biblioteek mee aan te vul.

Sedert die instelling van die Bybelverspreidings-projek, is daar alreeds 269 Bybels versprei. 'n Bydrae van R10.00 per Bybel word gehef – hoofsaaklik maar om seker te maak dat die “ontvanger” van die Bybel, dit regtig graag wil besit. Wanneer een van die span-lede egter van mening is dat dit geregverdig is om 'n Bybel aan 'n spesifieke persoon te skenk, dan doen ons so.

#### 4. Finansiële Steun

Ons dank die Here vir die finansiële ondersteuning wat ons gedurende die jaar 2013 ontvang het vanaf die NG Kerk Rietfontein, die NG Kerk Moreletapark, die RCA Charisma die Hatfield Family Church (Northern Campus) en ook vanaf 'n aantal private donateurs. Dankie ook aan elkeen wat so gereeld vir ons bid. Ons waardeer julle betrokkenheid in hierdie bediening, en glo dat die Ewigheid eendag die “dividend” op julle “belegging” sal openbaar.

### Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

Ek is steeds besig om op die Sondag wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf. **Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.**

*Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word, raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self kinders te borg.*

**Bly asseblief aanhou bid vir nog geleenthede by gemeentes vir die res van die jaar.**

Indien u deurlopend (so een keer in die loop van 'n week/2 weke) terugvoer wil kry via sms en wil bid vir hierdie saak, kontak/sms my asseblief by 082 601 4235.

**Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.**

***Hier volg 'n bietjie inligting oor van die werk wat SSG doen:***

Wat is die betekenis wat die woord "borg" vir 'n CRI-kind inhou? Sommige CRI-kindere het geen idee wie hulle borg is nie en het nog nooit eers gehoor wat hul naam of van watter land hulle is nie. Baie van die kindere bly in voeling met hulle helpers uit die buiteland en hou hulle gereeld op hoogte van sake met nuus oor hul lewens. Eintlik word hulle vriende deur middel van hul briefwisseling.

Slegs 'n paar van hulle is gelukkig genoeg om hul buitelandse helpers persoonlik te ontmoet en die geleentheid te hê om van aangesig tot aangesig met hulle te praat.

Daar is egter gevalle waar 'n borg 'n nog belangriker en betekenisvoller rol in "hul" kind se lewe speel en 'n groot invloed uitoefen op sy of haar toekoms.

Ons het onderhoude gevoer met van die kinders van ons CRI-program om uit te vind hoe belangrik die borge in hulle lewens is.

**Olga** Smolnitska het soos volg gereageer:

"Ek is seker dat my borg 'n baie vriendelike, vrygewige en simpatieke persoon is. Ek weet sy het 'n dogter en 'n seun, maar sy gee vir my ook baie om! My ma werk hard in 'n hospitaal en kry 'n minimale loon en my stiefpa kan net seisoenale werk kry. Ons lewe het verbeter nadat ons my borg leer ken het. Danksy haar ek het ook die geleentheid gehad om een van Sending Sonder Grense se Somerkampe by te woon. Ek het die kamp baie geniet en droom daarvan om weer een by te woon! Ek is so dankbaar vir my borg vir alles wat sy vir my doen!

Ek het geen idee hoekom sy my gekies het nie, maar ek wil graag kontak met haar behou in die toekoms; selfs na skool. Ek wens haar alles van die beste toe! "

**Vasyl** Ruban is 'n 13-jarige seun wat uit 'n disfunksionele gesin kom. Hy het nooit sy pa geken nie. Sy ma het verlede jaar gesterf, omdat "sy gedrink en gerook het", volgens die kind se eie woorde.

Vasyl is geseënd om ten minste een persoon te hê wat vir hom omgee en lief is vir hom, naamlik sy borg wat nou al 'n paar lank by hom betrokke is en vir hom omgee.

"Wie is my borg? Wel, sy is my familie, my beste vriend, iemand wat my liefhet. Ek dink my borg is 'n vriendelike en vrolike mens. Sy is ook baie vrygewig, want sy het al baie geskenke vir my gestuur: 'n sweetpak, skoene, speelgoed, speletjies en selfs 'n fiets! Ek kry ook elke jaar Kersgeskenke van haar! Ek sien altyd uit na haar briewe. Ek sou baie eensaam en verlate sonder haar gevoel het. My wens is om my borg persoonlik iewers in die toekoms te ontmoet. Wie weet, miskien kan sy eendag in Oekraïne kom kuier?"

## Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy  
Sending Sonder Grense  
Koerde

Ds Leon Tait  
012-333 2470

Ds Hannes Peens (Limpopo)

Stanwin Street  
079 525 5695  
Carl de Beer  
083 443 9256

Mosambiek radiostasie

Japie en Ena le Grange  
012-331 3953

Gebedsketting  
Laudium

Alet Briers  
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen  
084 652 8773  
012 333 5325

Sendinggroete in Christus

### **Taakspan vir Sending**

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetaling verlang los 'n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie.

By voorbaat dank, Sending taakspan